higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4

(4090584)

26 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

074Q1J2126

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Reguitlemsnymasjien ('straight knife cutting machine') bestaan uit 'n …

A elektriese motor.
B handbeheerhandvatsel.
C boornaald ('drill needle').
D Nie een van die bostaande nie.

1.2 Die topbestuur neem ...

A vervaardigingsbesluite.
B bedryfsbesluite.
C strategiese besluite.
D taktiese besluite.

1.3 Onderparsing ('under pressing') is parsing …

A van die sakke alleen.
B tydens die konstruksie van die kledingstuk.
C van die roksoom alleen.
D ná voltooiing van die kledingstuk.

1.4 'n Laboratoriumtoets waarvoor 'n donker kas en 'n ultravioletlig gebruik word, is om ... te toets.

A hitteweerstandigheid
B frummeling ('pilling')
C gebreke en defekte
D kleurvastheid

1.5 Materiale wat nie plaaslik vervaardig word nie, word ... materiale genoem.

A verkoopte
B ingevoerde
C uitgevoerde
D aangekoopte

1.6 Drukknopies kan met 'n ... aangewerk word.

A balkhegtingsmasjien ('bar tacking machine')
B omkapmasjien
C soommasjien ('serging machine')
D knoopmasjien '(button-sewing machine')

Kopiereg voorbehou

1.7 Die proses wat 'n maatskappy volg om sekere vaardighede, begrippe en die ingesteldheid van werknemers te ontwikkel, word ... genoem.

A toetsing
B onderhoud
C opleiding
D werwing

1.8 Die werkvloeisimbool wat 'n sirkel uitbeeld dui ... aan.

A werkaktiwiteit
B vervoer
C berging
D inspeksie

1.9 Die persoon wat moet verseker dat al die nodige tooisels ('trims') beskikbaar is sodra samestelling begin, is die ...

A bestuurder.
B masjienoperateur.
C toesighouer.
D bondelhanteerder ('bundle handler').

1.10 Die materiaalboormerker ('cloth drill marker') word hoofsaaklik gebruik om ...

A patroonafmerking ('pattern marking') op die kante van onderdele van kledingstukke te maak.
B patroonafmerking ('pattern marking') weg van die kante van onderdele van kledingstukke te maak.
C onderdele van kledingstukke saam te smelt.
D plasing van onderdele van kledingstukke te verseker.

1.11 Die ontstaan van klein bolletjies aan materiaal wat deur wrywing veroorsaak word, is ...

A kleurvastheid
B frummeling ('pilling')
C borrels.
D gebreke.

1.12 Die psigologiese omgewing in die werkplek verwys na ...

A werkspanning.
B geraas.
C toerusting.
D ventilasie.

1.13 Een sekerheidsvoordeel is ...

A 'n jaarlikse bonus.
B ‘n behuisingsubsidie.
C voedselpakkies.
D ‘n vakansiebonus.

Kopiereg voorbehou

1.14 Die algemeenste oorsaak van brande in klerefabrieke is ...

A strykwerk.
B verligting.
C foutiewe elektriese toerusting.
D rook.

1.15 'n Produkgesentreerde toesighouers se grootste bekommernis is ...

A om werknemers harder te laat werk.
B om te verseker dat almal vir hulself werk.
C om werknemers aan te por en meer te produseer.
D om die produksielyn aan die gang te hou.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 Patroongradering (pattern drading') is 'n proses waarin kledingstukke van dieselfde kleur en styl terselfdertyd geproduseer word.

2.2 Die bedryfsbestuurder is verantwoordelik vir algemene veiligheid in die fabriek.

2.3 'n Industriële sluitsteekmasjien ('lock stitching machine') gebruik 'n naald en toldraad.

2.4 'n Balkhegtingsmasjien ('bar tacking machine') word gebruik om banddraers aan te werk.

2.5 Delegering beteken dat gesag en aanspreeklikheid aan ander oorgedra word.

2.6 Draailemmasjiene is die geskikste om om hoeke op dik lae materiaal te sny.

2.7 'n Merker kan van materiaal of papier gemaak word.

2.8 Voerders word vir die soom van rolsome in materiale soos sjiffon en reknet gebruik.

2.9 Om gladde vloere te voorkom, kan 'n mens 'n storting met koerantpapier of grond bedek.

2.10 Plastiekkratte word gebruik om werk van een bediener of proses na 'n ander te vervoer.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Werkvloei is die beweging van ... en dele van kledingstuk deur die verwerkingsproses.

3.2 ... is die proses waarop lae materiaal saamgesmelt word deur 'n kleefmiddel te gebruik en hitte en druk vir 'n bepaalde tyd daarop aan te wend.

3.3 Die ... is verantwoordelik vir algemene veiligheid en beheer in die fabriek.

3.4 ... kom voor wanneer die materiaal te dun is, die temperatuur en druk te hoog is en die tyd te lank is.

3.5 Die rangskikking van departemente, werkstasies en toerusting wat in die verwerkingsproses gebruik word, word ... genoem.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Beweging van werkers, materiale of produkte	A	groothandelaar
4.2	In desibel gemeet	B	produktiwiteit
4.3	Werklike onderdele van kledingstuk word saamgevoeg	C	onderparsing
4.4	Beweging van materiale deur die verwerkingsproses	D	produksie
4.5	Koop groot invoerlotte	E	werkvloei
4.6	Vervaardiging van goedere wat aan kliënte verkoop word	F	werkstasie
4.7	Proses of werkaktiwiteit	G	permanente berging
4.8	Dui aan of die maatskappy na verwagting presteer	H	geraas
4.9	Werkspasie per werker	I	produksie
4.10	Parsing wat tydens die samestelling van die kledingstuk gedoen word	J	werkvertraging
		K	sirkel
		L	vervoer

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Veronderstel dat jy die nuwe gehalteversekeraar in 'n klerefabriek is. Bestudeer die prent van die romp hier onder en beantwoord die vrae.



5.1.1 Definieer die term, *gehalte*. (3)

5.1.2 Noem die TWEE onderskeibare tipes inspeksie. (2)

5.1.3 Gee VYF gehaltestandaarde vir stikwerk. (5 × 2) (10)

5.1.4 Gee AGT gehaltestandaarde om in ag te neem wanneer sluiters ('fasteners') aan 'n kledingstuk aangebring word. (8 × 2) (16)

5.1.5 Noem en verduidelik kortliks TWEE klasse steke. (2 × 2) (4)

5.2 Verduidelik die gehaltestandaarde van die volgende sluiters kortliks:

5.2.1 Gespes

5.2.2 Ritssluiters

5.2.3 Drukknope, hakies en ogies

(3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

5.3 Bespreek die volgende spesiale-funksie- en afwerkmasjiene en dui aan waar dit aan die romp hier bo gebruik sal word:

5.3.1 Balkhegtingsmasjien ('bar tacking machine') (3)

5.3.2 Blindsoommasjien ('blind-hemming machine') (3)

[50]

VRAAG 6

6.1 Bespreek die toerusting wat in die snykamer van 'n fabriek gebruik word onder die volgende hoofde:

6.1.1 Snytafel (10)

6.1.2 Ronde mes (2)

6.1.3 Reguit mes (2)

6.1.4 Bandmes (2)

6.1.5 Stempelsnywerk ('die press cutting') (4)

6.2 Onderskei tussen DRIE basiese tipes parsmasjiene. (12)

6.3 Bespreek die voordele van 'n spreimasjien (reismasjien) ['spreading machine' ('travelling machine')]. (4)

6.4 Noem VIER vereistes vir merkbeplanning. (8)

6.5 Onderskei tussen die volgende terme om die betekenis daarvan duidelik te maak:

6.5.1 Deurslag ('strike through')

6.5.2 Terugslag ('strike back')

(2 × 2) (4)

6.6 Wat beteken die term *frummeling*? (2)

[50]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik hoe toetse vir die volgende in 'n laboratorium uitgevoer sal word:

7.1.1 Kleurvastheid

7.1.2 Weerstandigheid teen sonlig

(2 × 2) (4)

7.2 Verduidelik die betekenis van die term, *werkstasie*, soos dit op 'n fabriek van toepassing is. (3)

7.3 Noem VYF maniere waarop 'n toesighouer personeellede kan motiveer. (5 × 2) (10)

7.4 Noem VYF take of aktiwiteite wat alle bestuurders in gemeen het. (5 × 1) (5)

7.5 Werkstoetstande in die werkplek moet deel van die beplanning uitmaak. Beskryf elk van die volgende toestande kortliks:

7.5.1 Verligting

7.5.2 Geraas

7.5.3 Kleur

(3 × 3) (9)

7.6 7.6.1 Definieer die term *kommunikasie*. (3)

7.6.2 Noem AGT faktore wat kommunikasie in die werkplek belemmer. (8)

7.7 Noem SES tekortkominge van en foute wat deur leiers gemaak word. (6)

7.8 Definieer die term *leierskap*. (2)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou